

The heading says it all – on a farm the household matters! After a day's hard work, there is nothing worse than to come home to a quiet farmhouse, no food, no clean clothes for tomorrow, nobody to share thoughts with... On the other hand, a home cared for by a loving farmer's wife is a joy few appreciate to its full value.

Watter vooropgestelde beeld het stadspoppies van boervroue – 'tannies' wat swoeg in die kombuis van soggens tot saans, of goudbedruipte dames, want alle boere is mos miljoeners?

In hierdie kort gedeelte kan reg nie geskied om die belangrikheid van die vrou vir die

welstand van die boerdery te toon nie. Moeder, huishoudster, sekretaresse, kleremaakster, finansiële bestuurder, tuinboukundige, boerdery bestuur konsultant, verpleegster en sielkundige... dit is van die deugde waaraan sy moet voldoen, almal terselfdertyd!

Hiermee dan 'n oorsig van die vreugde, vrese

en kultuur van boervrou wees. Aan die jong dames met 'n oog op 'n gawe 'boertjie' – ten spyte van die kleurvolle sonsondergange en pragblomtuin is alles nie altyd so romanties soos dit met die eerste oogopslag lyk nie. Ons skop dus af met 'n kitskursus om jou te help kwalifiseer as 'n opregte plaas tuisteskepper – rol op die moue en hou vas!

Doen-dit-self

...praktiese wenke vir probleme in en om die huis...

• Die regte konneksies

Dis maklik om 'n kragprop te verbind. Verwyder sowat 25mm van die koord se buitenste omhulsel om die drie binnrade bloot te lê. Gebruik die "R" van die BRUIN draad om jou te herinner hy word regs gekoppel, terwyl die "L" van die BLOU draad 'n aanduiding is hy word links vasgedraai. Die draad met die groen-en-geel isolering is die aarddraad en word aan die oorblywende groot pen bo-aan die prop gekoppel.

• 'n Klewerige storie

Plak maskeerband op die rande van die oppervlakke wat jy aanmekaar wil lym. Wend die lym aan en laat die oortollige lym op die maskeerband uitsypel. Vee dit af en verwyder dan die maskeerband. Die area rondom die lasplek sal skoon en lymvry wees.

• Sleutelkodes

As jy iets moet oopsluit, is dit 'n beslommernis om eers 'n hele klomp sleutels te probeer voordat jy die regte een kry. Kleurkodeer

jou slotte en sleutels sodat jy dadelik weet watter sleutel waar pas.

• Tennisbal-toertjies

Moet jy swaar meubels skuif? 'n Tennisbal oor elke poot sal skrape op houtvloere voorkom.

• Verfwenke

'n Halwe tennisbal oor die handvatsel van 'n verfkwas getrek, sodat die bakke na bo wys, keer dat verf oor jou hand drup.

Waarom op 'n leer klim as jy hoog kan bykom met 'n besemstok wat in die handvatsel van 'n roller gedruk is. Dis ideaal vir wanneer jy plafonne en hoë mure verf.

'n Ou moer help om verf moeitevry te meng. Gooi 'n groot moer in 'n nuwe blik verf voordat jy dit vir die eerste keer toemaak. Skud die blik deeglik voor jy dit weer oopmaak - die moer sal die verf goed deur roer.

Droë verfaanpaksels maak dit soms moeilik om 'n verfblik se deksel behoorlik toe te kry. Trek 'n streep oor een kant van die deksel en op die blik self. Bring die twee inlyn en die deksel sal weer styf pas.

• Meer plek in jou klerekas

Die meeste ingeboude kaste is hoog genoeg vir twee hangrelings. Voeg dus gerus 'n tweede reling by, sodat jou hemde en baadjies bo en jou broeke onder kan hang. As die kas ook lang rokke bevat, kan jy 'n tweede (kortere) hangreling aan 'n tou laat hang. Laat net genoeg ruimte aan die eenkant vir die langer kledingstukke.

• Geel koper – skoon en blink

Week die artikel in 'n oplossing van een dessertlepel wynsteensuur en 'n halwe dessertlepel vloeibare opwasmiddel in 'n opwasbak vol warm water. Was dit, spoel af in skoon, koue water en maak droog met 'n sagte doek. Die glans behoort 'n maand te hou.

• Bobaas brandspiritus

Brandspiritus maak chroomkrane en ander verchromde badkamertoerusting pragtig blink.

• Vervang 'n stukkende teël

Breek die teël stuk-vir-stuk met 'n beitel uit. Verwyder die teëlsement en voegbry uit die opening. Wend 'n laag kleefstof aan - so gelyk moontlik met die vlak van die omliggende teëls. Lê 'n dun tou oor die opening en druk die teël liggies in plek. Die tou stel jou in staat om die teël weer maklik op te lig en die hoeveelheid sement aan te pas indien nodig. As jy tevrede is dat die teël gelyk met sy maats lê, kan jy die tou verwyder. Wag tot die teëlsement droog is, en vul met bry.

• 'n Stukkende vensterruit

Plak 'n paar stroke kleefband kruis en dwars oor 'n stukkende ruit voordat jy dit verwyder. Dit sal die stukke bymekaar hou, en verhoed dat dit val en aan skerwe spat.

• Verseël 'n lekkende venster

Plak skuimrubberstroke met 'n selfklewende rugkant aan die binnerand van die venster: aan die bo- en sykante, maar nie onder nie. As jy die venster toemaak word die skuimrubber saamgepers en hou die weer uit. Water wat wel deurkom, sal deur die onverseelde onderrand kan ontsnap.

Madeline van Heerden

